e Hervormer

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

25 September 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 29

In hierdie uitgawe...

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Die basisdokument vir hierdie *e-Hervormer* is die Kerknuusberigte wat op 23 September 2008 uitgereik is deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

VOORBLAD

Die nuwe werklikheid waarbinne ons die evangelie verkondig

Nuwe drome vir nuwe werklikhede. Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld. **Dit is die titel van dr Nelus Niemandt se aktuele boek. Dr Niemandt is dosent in Godsdiens- en Sendingwetenskap aan die Universiteit van Pretoria, en ook Assessor van die NG Kerk se Algemene Sinode. Hy was die gasspreker by die jaarlikse Predikantevergadering op 17 September.**

Die vergadering is geopen deur die redakteur van *Die Hervormer*, prof Piet Geyser. Hy het vanuit Johannes 16 daarop gewys dat ons Christus se gestuurdes in die wêreld is – 'n tema waarby dr Niemandt herhaaldelik aangesluit het.

Die program is in drie sessies ingedeel. In die eerste sessie het dr Niemandt op treffende wyse aangetoon dat die kerk haarself eintlik vandag te midde van die 'perfekte storm' bevind. Baie mense se manier van dink oor die wêreld het radikaal verander (daar is 'n vermenging van premodernisme, modernisme en postmodernisme in ons samelewing). Daar is baie van ons eie mense wat geen erg meer het aan die kerk nie, of selfs bewustelik hulle rug op die goeie nuus van Jesus Christus gedraai het. Terselfdertyd het die heelal onvoorstelbaar groot geword, maar kan mense in verskillende wêrelddele vandag baie makliker met mekaar kommunikeer as ooit tevore.

In die tweede en derde sessies het dr Niemandt die gesprek gelei na benaderings wat die kerk in staat sal stel om haar roeping in ons veranderende wêreld uit te leef. Dalk moet die kerk van 'n pastorale bedieningsmodel beweeg na 'n missionêre bedieningsmodel. Ons moet meer daarvan maak om in ons verkondiging op die ervaring van God se werk te fokus, en ons moet die geleenthede benut om netwerke van gelowiges aan mekaar te bind (dalk soortgelyk aan *Facebook*?). Ons kan maniere soek om meer mense by verkondiging te betrek, om hulle verhale van geloof met mekaar te deel. Ons moet baie meer op visuele kommunikasie fokus. Nogtans moet die kerk altyd haar integriteit behou, en positief wees oor opwindende nuwe maniere waarop God ons in sy wêreld gaan gebruik.

Die vergadering het met algemene sake afgesluit, en ook 'n nuwe bestuur verkies: ds Herman van den Berg (voorsitter), ds Johan Bester (ondervoorsitter), ds Marius Bacon (sekretaris) en dr Sanrie de Beer (penningmeester).

– Dr Wouter van Wyk
Sekretaris: Raad vir SENTIK

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:

Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e-Hervormer* word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*.
Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e-Hervormer*

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPE EN STANDPLASE

Beroep ontvang

- **Ds Frikkie Labuschagne** van Parys na Declercqville
- **Ds Albert Minnaar** van Glencoe na Barberton

Benoeming

Ds Kálmán Papp, predikant van Nigel, is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) benoem as Sekretaris in Kerkverband by die Bybelgenootskap. Indien hy die benoeming aanvaar, sal hy ds Wilhelm Steyn opvolg. Ds Steyn emeriteer aan die einde van Oktober vanjaar. (Lees gerus die onderhoud met ds Steyn in *Die Hervormer* van Oktober.)

Beroep aanvaar

Ds André Oberholzer van Losberg na Koedoesrand

Dr Johan Otto van Newlands (deeltyds) na Premiermyn

Ds Chris le Roux van Stellenbosch na die kombinasie Stellenbosch/Worcester

Behoud van ampsvoorreg

Beroepafwagtende predikante moet voor 31 Oktober jaarliks aansoek doen by die Kommissie van die AKV vir die behoud van hulle ampsvoorreg en, waar van toepassing, vir preekvergunning.

Vakante standplaas: Gemeente Greylingstad

Gemeente Greylingstad se **deeltydse standplaas** is vakant. Die gemeente het 85 belydende lidmate en naastenby 50 besoekpunte. Daar word een erediens elke Sondagoggend gehou. Verdere funksies wat deur die predikant verrig word, kan gereël word op 'n weeklikse, maandelikse of kwartaallikse basis soos deur die predikant en die kerkraad ooreengekom. Predikante/proponente van die Kerk kan 'n CV, met vermelding van bedieningsvoorkeure asook inligting oor hul huidige situasie en beperkinge, rig aan die skriba van die gemeente, mev Sarie Pieterse, by Posbus 124, Greylingstad 2415, of per e-pos aan sarwipi@telkomsa.net. Skakel haar by 082 903 4336 indien u meer inligting verlang. Die sluitingsdatum is **Dinsdag 30 September 2008**.

Vakante standplaas: Gemeente Kampersrus

Gemeente Kampersrus in Hoedspruit se **voltydse standplaas** is vakant. Die gemeente is besig om 'n groslys saam te stel en sal teen einde Oktober beroep. Geordende predikante van die Hervormde Kerk wat 'n beroep na hierdie gemeente sou oorweeg, word genooi om hulle name, kontakinligting en besonderhede van hulle bedieningservaring voor **15 Oktober 2008** aan die skriba van die gemeente, oudl Chris Joubert, deur te gee: tel 083 289 0629; e-posadres cjjdagbreek@gmail.com. 'n Volledige uiteensetting van die profiel van die gemeente sal op aanvraag beskikbaar gestel word.

Vakante standplaas: Kombinasie Witbank/Witbank-Noord

Die kombinasie Witbank/Witbank-Noord wag aansoeke in van predikante van die Kerk om die **voltydse standplaas** te vul. Die aansoeke sluit op **30 Oktober 2008**. Aansoeke moet gerig word aan die Kombinasiekomitee by faksnommer 013 650 0985 of per e-pos aan Sandra.nhk@web4us.co.za.

Vakante standplaas: Gemeente Strand

Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die Hervormde Kerk word ingewag vir die vul van Gemeente Strand se **volversorgde standplaas** wat op 23 November 2008 vakant raak. Die gemeente het tans 246 dooplidmate, waarvan 221 belydende lidmate is. Die gemeente is in 13 wyke ingedeel en sluit in Somerset-Wes, Strand, Gordonsbaai, Grabouw, die kusstreek vanaf Rooi-els tot by Kleinmond en vanaf Hermanus tot by Gansbaai. Daar is oggenderedienste om 09:00 in Strand en twee keer per maand om 11:15 in Hermanus. Die dienste in Hermanus kan moontlik uitgebrei word met die oog op kategese. Kandidate op die kortlys mag genooi word om op koste van die gemeente daar te gaan preek en 'n onderhoud met die kerkraad te voer. Die kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Om aansoek te doen, moet 'n volledige CV met verwysings teen **Vrydag 31 Oktober 2008** gestuur word aan die skriba van die gemeente, by Posbus 417, Strand 3139, of per e-pos na johanjaco@mweb.co.za. Navrae kan ook aan die skriba, oudl J Botha, gerig word by telnr 021 851 6351.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Di Kálmán Papp (sr)** en **Kálmán Papp (jr)** het op Maandag 15 September teruggekeer van Hongarye, waar ds Papp (sr) die graad *professor honoris causa* ontvang het. Die Kerk betuig gelukwense aan hom en sy familie.

- **Prof Bieks Beukes** werk tans as pastorale hulp in Gemeente Barberton. Hy het reeds saam met die gemeente beplan vir die beroep van 'n predikant. Ds Albert Minnaar, predikant van Glencoe, is na die gemeente beroep. Daar gaan waarskynlik groot ontwikkeling op Barberton plaasvind, wat nuwe mense sal lok en die lidmaatgetalle weer kan laat styg. Die gemeente is reeds geruime tyd vakant, sedert die ontheffing van ds Duwies Duvenhage.

- **Ds Hannes van Rensburg** is op Sondag 21 September deur Gemeente Brakpan-Harmonie ontvang. Hy is by die geleentheid in sy amp bevestig en het daarna sy intreerede gelewer. Oudl Frik Geyser, ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, het namens die Kommissie groete en gelukwense aan ds Van Rensburg en die gemeente oorgedra. Ds Van Rensburg was voorheen predikant in die kombinasie Dordrecht/Queenstown en daarna in die kombinasie Namib-Suid.

- Ringskommissies besef al hoe meer dat **strategiese beplanning** in ringsgebiede gedoen moet word om die bediening in kleiner gemeentes wat nie meer in staat is om 'n standplaas te onderhou nie, te ondersteun. Groter gemeentes sal hulle oor die kleiner gemeentes moet ontferm deur onder meer kombinasies met hulle te sluit. Alhoewel ringskommissies die beplanning goed bedoel en nie enige gemeente wil benadeel nie, is daar tog gemeentes wat net na hulle eie belange kyk en nie bereid is om saam te beplan nie. Die nuwe Ordinansie 2.1.3 (iv) bepaal dat 'n ringskommissie, na oorleg met die Kommissie van die AKV en 'n betrokke kerkraad, kan besluit dat die gemeente vir hoogstens 90 dae nie beroep nie, sodat strategiese beplanning van ringsgemeentes gedoen kan word. Daar is reeds ringskommissies wat volgens die ordinansie opgetree het. Die hulp van die Taakspan kan ook aangevra word rondom strategiese beplanning.

- By sy onlangse vergadering het die Kommissie van die AKV riglyne neergelê oor die werk van die **Taakspan.** Die Taakspan is 'n werkkomitee van die Kommissie van die AKV en werk in opdrag van die Kommissie. Gemeentes mag die Taakspan net deur die ringskommissie, die Moderamen of die Kommissie van die AKV nader om hulp. Die Kommissie of Moderamen verwys dan die aansoeke rondom beplanning na die Taakspan en stel alle betrokkenes daarvan in kennis. Die Taakspan, saam met die ringskommissie, hanteer die saak en hou die Kommissie van die AKV voortdurend op die hoogte van die verloop van sake. Die volledige riglyne is reeds na ouderlingevergaderings deurgestuur.

- Die ringskommissie van Vereeniging is saam met die kerkraad en gemeente van **Vanderbijlpark** besig om te besin oor die voortbestaan van die gemeente. Verskillende moontlikhede sal ondersoek word, onder meer 'n kombinasie of om 'n proses te bestuur waarvolgens

bedieningsbehoeftes van die gemeente opgedra word aan een of meer buurgemeentes in die ring.

- Die ringskommissie van **Maquassi** het op Maandag 22 September saam met die kombinasiegemeentes Bloemhof/Christiana gesprek gevoer oor die toekomstige bediening van die gemeentes. Weens ontvolking in die gebied word die gemeentes kleiner en die finansiële vermoë om die standplaas volledig te onderhou, kom reeds geruime tyd onder druk. Dit is moontlik dat die gemeentes en die ringskommissie die Kommissie van die AKV sal versoek om deur die Taakspan verder te help beplan. Ds Buddy Dupper is reeds jare lank die predikant van die gemeentes.

ANDER NUUS

- Die Administrateur, **mnr Kobus Viljoen**, het op Dinsdag 23 September 'n operasie aan sy regterhand ondergaan. Hy moet binnekort 'n soortgelyke operasie aan sy linkerhand ondergaan. Hy sal teen Vrydag 3 Oktober weer op kantoor wees.

- **Mev Sandra Smith**, een van die bestuurders van Emily Hobhouse Monumenttehuis, is onlangs in 'n motorongeluk oorlede. Die Kerk se voorbidding word gevra vir haar naasbestaandes.

- **Mnr Elmar Struwig**, hoofrekenmeester van die Kerk, het op Maandag 22 September dokumente gestuur aan alle persone wat verantwoordelik is vir die opstel van begrotings van rade, kommissies, ensovoorts vir 2009. Die begrotingsvergaderings vind plaas op 29 en 30 Oktober en die begrotingsdokumente moet mnr Struwig teen 10 Oktober bereik. Die Kommissie van die AKV moet die begroting goedkeur by sy vergadering in November.

- In opdrag van die Algemene Kerkvergadering het die Kommissie van die AKV tydens sy vergadering op 11 September met die bestuur van die **HCM Fourie Stigting/Vriendekring** gesprek gevoer. Die gesprek is positief beleef en 'n kort verslag oor die beprekings is na ouderlingevergaderings deurgegee.

- Die **Kuratorium** het op Maandag 22 September saam met prof JP Oberholzer vergader oor 'n publikasie wat aanstaande jaar sal verskyn om die 100ste bestaansjaar van die Kuratorium te gedenk. Prof Oberholzer behartig die geskiedskrywing.

- Die **pryse vir die Kerk se gereelde publikasies** vir 2009 is soos volg deur die Kommissie van die AKV goedgekeur:

Almanak en Bybelse Dagboek	R90
Konteks (10 uitgawes per jaar)	R110
Die Hervormer (11 uitgawes)	R70

  Bestellings moet geplaas word by mev Cecile Naudé van SENTIK, by tel 012 322 8885, faks 012 322 7906 of sentik@nhk.co.za. Gemeentes word vriendelik versoek om hul bestellings vir die *Almanak en Bybelse Dagboek* teen 15 Oktober te plaas, en dié vir *Konteks* en *Die Hervormer* teen 28 November.

- Emeriti wat 'n **nuwe Kerkorde** wil bekom, kan dit by die kantoor van dr Fanie Pretorius afhaal, of met mev Karen Breedt in verbinding tree by 012 322 8885 of karen@nhk.co.za.

ADVERTENSIES

- Op **Saterdag 25 Oktober** hou **Gemeente Belfast** hul jaarlikse **gholfdag.** Alle belangstellendes moet asseblief skakel met Christelle du Toit (tel 083 737 4930) of Annemarie of Cecilia by die klub (tel 013 253 0981). Die gholfdag neem die vorm aan van 'n IPS-spel, en die koste is R150 per persoon. Dit sluit 'n ete in. Daar is goeie pryse te wen. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

- Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (**TOIBO**) hou vanjaar hul tweede **gholfdag** by die Pretoria Buiteklub, op **Vrydag 7 November**. Die inskrywingsfooi is R400 per persoon. Bydraes van die stigterslede het die afgelope jare afgeneem en dit het nodig geword om meer fondsinsamelingspogings aan te pak om tekorte te beperk en behoeftige leerders te help. Enige bystand met die pryse sal ook waardeer word. Vir meer inligting, inskrywings of borgskappe, kontak Karin du Toit by 012 320 7644 of stuur 'n e-pos aan toibo@nhk.co.za.

- Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Lenings/beurse van die NHSV wissel van R500 tot 'n maksimum van R3 000. Aansoekvorms kan van die NHSV kantoor aangevra word: telefoonnommer 012 325 0117; e-posadres nhsvhoofbestuur@nhk.co.za. **Sluitingsdatum** vir aansoeke is **15 November** jaarliks. Geen laat aansoeke word aanvaar nie. Vir verdere inligting, kontak asseblief die NHSV kantoor.

Seniordal
Aftree-oord
'n Tuiste vir selfversorgende bejaardes
Kieserstraat 126, Rietondale, Pretoria
GEMEENSKAPSPROJEK van
GEMEENTE PRETORIA
* 58 eenhede (1-slaapkamer-, 1½-slaapkamer- en 2-slaapkamereenhede)
* Goeie ligging in Deernis/Rietondale
* Digby Ons Tuis, hospitale, middestad
* Skakel dr Paul de Beer, eiendomsbestuurder, by 082 975 7331

- **Huis Voortrekker** is 'n manskoshuis wat op Christelike beginsels gebaseer is en as 'n private koshuis aan die Universiteit van Pretoria funksioneer. Huis Voortrekker bestaan uit hoogstens 83 lede, waarvan almal aan die Hervormde, Gereformeerde, AP en NG Kerk behoort. Voortrekkertehuis is in 1939 gestig en deur die Hervormde Kerk onderhou, maar het in 1970 doodgeloop. In 1991 is Huis Voortrekker herstig. Kontak Leon Fourie (voorsitter), by 082 535 8624 of africa4u@lantic.net, of Johan Britton (bemarking), by 072 682 8954 of joebritton@yahoo.com

- **Soek jy iemand om te sing maar almal is so duur?** Kontak ds Fanie Beukes van Gemeente Witbank by 073 167 1183. Hy kan by enige geleentheid help – 'n Damestee, 'n sangaand, Jubelfees, ensovoorts. Hy lewer 'n geestelike program of 'n meer informele program van byvoorbeeld die musiek van Elvis en Neil Diamond, en ligte Afrikaanse musiek. Kontak hom vroegtydig. Die koste is onderhandelbaar.

AGTERBLAD

Konteks

Die Oktober 2008-uitgawe van *Konteks* het pas verskyn. Dit fokus op die Bybel in Afrikaans en Kerkhervorming.

In sy redaksionele berig skryf dr Wian Kloppers soos volg: *Oktober is Hervormingsmaand. Ons herdenk die bydraes en opofferings wat gelowiges deur die eeue gemaak het om die Woord van God suiwer en in elkeen se eie taal te mag hoor. Die herdenking van die Bybel in Afrikaans oor die afgelope driekwarteeu maak dus 'n mooi deel daarvan uit. Ons voorblad dra die foto van die vyf vertalers van die 1933-vertaling in Afrikaans saam met die destydse sekretaris van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, ds HPM Steyn, in die middel agter op die foto. Dit is 'n unieke foto wat saam met baie ander besienswaardighede in ons Kerkargief bewaar word. Die omslag is 'n collage van verskillende van hierdie items, soos die handtekeninge van die vertalers, 'n inskrywing in die Bybel wat aan dr HCM Fourie oorhandig is, asook 'n inskrywing in een van die eerste besending Bybels wat in Mei 1933 in Johannesburg aangekom het.*

Besoek gerus die webtuiste www.konteks.co.za om meer te lees oor hierdie besondere uitgawe.

Indien u nie 'n intekenaar is nie, kan u die nuutste uitgawe teen R10 bestel van SENTIK. Kontak mev Cecile Naudé by 012 322 8885 of per e-pos by sentik@nhk.co.za om te bestel of in te teken.